

Lêerno.: 3/3/3/1/1/3
Verwysing: 20221101-8296

Omsendbrief: 0043/2022
Vervaldatum: 30 September 2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore),
Adjunkdirekteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders en Prinsipale

Kort opsomming: *Presidensiële Jeugindiensnemingsinisiatief – Hulpbronnepak.*

**Onderwerp: Presidensiële Jeugindiensnemingsinisiatief (PJII) binne die basiese-onderwyssektor
– Fase IV: Hulpbronnepak**

1. Die Wes-Kaapse Regering het 20 500 werksgeleenthede as deel van 'n werkskeppingsproses geïdentifiseer. Hierdie werksgeleenthede sal by openbare skole geskep word en sal deel vorm van Fase IV van die PJII, wat op 01 Februarie 2023 begin en op 30 September 2023 eindig.
2. Die inisiatief sal 'n groot bydrae lewer om deelnemende skole met leer, lees, Inligtingstegnologie, instandhouding, psigososiale ondersteuning en sportverryking te ondersteun. Dit sal ook 'n beduidende bydrae lewer om die Wes-Kaap te help om bestaande openbare indiensnemingsprogramme en ondersteuningsmaatreëls te versterk en geloofwaardige en bewysgebaseerde voorstelle vir werkskepping in die provinsie uit te brei.
3. Die aangehegte dokumente wat Fase IV rig, is baie belangrik om die geleenthede by openbare skole te vul. Nakoming van die leiding wat in die dokumentasie vervat is, sal die gladde bestuur van die verskeie geleenthede vir assistente bevorder en moontlike ouditkwessies tot 'n minimum beperk.
4. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement se PJII-kantoor het 'n hulpbronnepak saamgestel, met projekvorms en dokumente wat skole as 'n riglyn kan gebruik om Fase IV te bestuur. Hierdie vorms en dokumente sal skole met doeltreffendheid en ouditgereedheid help.

5. Alle deelnemende skole moet die volgende dokumente in Fase IV raadpleeg om te verseker dat die projekvereistes nagekom word:
 - 5.1 Implementeringsraamwerk – Fase IV
 - 5.2 Werwingsriglyn
 - 5.3 Riglyn oor rolle en verantwoordelikhede
 - 5.4 Gids oor onderhoudvoering vir skole
 - 5.5 Verlofbeleid
 - 5.6 Gids oor keuring teen die Nasionale Register vir Seksoortreders
 - 5.7 Voorwaardes van plasing
6. Alle dokumentasie vir Fase IV moet voltooi, deur die aangestelde personeel onderteken word en vir ouditdoeleindes geliasseer word.
7. Twee lêers met notas wat leiding verskaf, sal aan elke skool beskikbaar gestel word.
8. Ons bedank graag alle deelnemende skole vir hul deurlopende ondersteuning in die proses om 20 500 werksgeleenthede te verseker.

GETEKEN: B WALTERS

HOOF: ONDERWYS

DATUM: 2022-11-16